# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Vyf

**“EN JY, BETLEHEM … IS GLAD NIE DIE GERINGSTE NIE” MATTEUS 2:6**

*Hoewel gering en ellendig, kom ons niks kort nie.*

1 Petrus 2:21-25 - Nou het julle teruggekeer na die Herder en Bewaker van julle siele.

In die skoot van ‘n nederige dorpsmeisie het die Here, die Seun van God, mens geword in Betlehem en gekies om sy mensheid ongekend en eenvoudig uit te leef. En alhoewel Hy ons herder is, het Hy die Lam geword wat die sondes van die wêreld op Hom geneem het sodat ons genees kan word. Die Kerk, die Betlehem van vandag, gaan voort om die plek te wees waar die kwesbares, die magteloses en geringes verwelkom word omdat elkeen daar ‘n plek het. Te midde van politieke woelinge, die groeiende kultuur van gierigheid en die misbruik van mag in die wêreld, ly Christene, soos ander in die Midde Ooste, onder vervolging en ‘n gevoel dat hulle opsy gestoot word en van minder waarde is en in konstante vrees moet lewe soos hulle onreg verduur. Tog is hulle nie bang nie, want die Herder stap saam met hulle, Hy vorm hulle in sy kudde en maak van hulle ‘n teken van sy liefdevolle teenwoordigheid.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur ‘n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is. Amen.

© Die Oratorium Uitgewery